

## **HUISGELOOF2018#16 – Maandag 21 Mei tot Sondag 27 Mei – Romeine 8:12-17**

Rom 8:12 Daarom dan, broers, staan ons onder 'n verpligting, maar nie teenoor ons sondige natuur om daarvolgens te lewe nie. 13 As julle julle lewe deur die sondige natuur laat beheers, gaan julle die dood tegemoet, maar as julle deur die Gees 'n einde maak aan julle sondige praktyke, sal julle lewe. 14 Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God. 15 Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: "Abba!" Dit beteken Vader. 16 Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. 17 En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus. Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlijkheid.

### **# Ons wil van geweeft wees**

Soos die ligte in die fliekteater uitgedoof word, stap 'n jong man met koeldrank, springmielies en Smarties in sy hand die trappe op en af, terwyl hy aandagtig die rye deursoek. Dit is voor die handliggend dat hy opsoek is na 'n persoon of persone. Na die derde onsuksesvolle poging, stop hy in die middel van die trappe en roep moedeloos hardop uit: "Herken iemand dalk vir my?"

Dit is erg om uitgesluit te wees. Jy wil deel wees. Soos Tiemie in Siener in die Suburbs vir haar ma sê: "Ma, ek wil nie soos 'n hond vrek nie, ek wil van geweeft wees."

Daarom help hierdie teks ons om te besef dat familie saak maak vir God drie-enig. Die teks leer ons van ons behoort, van ons status en van ons Metgesel.

### **#Behoort – ons waarde**

Om te behoort is hoe God ons gemaak het. Ons vind ons identiteit in die feit dat ons kinders van God is – dit gee aan ons waarde. Die feit dat ons Sy beelddraers is.

Die rabbi's het geleer dat elke keer as 'n mens by die straat afstap, gaan 'n leërskare engele vooruit en roep: "Maak pad, maak pad, maak pad vir die beeld van God!"

Die feit dat ons na die beeld van God geskep is, Sy kinders is, kry voorrang bo die feit dat ons sondaars is wat verlos moet word! Daarmee ontken ons nie ons gesukkel nie, maar sê ons dat Genesis 1, 2 bly ons hoofstorie en nie Genesis 3 nie. Jesus kom verlos ons van ons Genesis 3 storie (sonde en gesukkel) sodat ons weer ons Genesis 1 en 2 storie (as beeld v God) kan UITLEEF!

### **#Ons status- erfgename saam met Christus**

Paulus gee 'n paar interessante feite oor my en jou in Romeine 8:12-17. Goeie Genade! Besef jy watse wonderwerk dit is dat jy familie van God is? Weet jy dat dieselfde Griekse woord wat Jesus beskryf as God se kind ook vir ons gebruik word? Dis (on)gelooflik! Die Heidelbergse Kategismus, 'n ou kerkgeskrif, verduidelik dit só: "Jesus is die enigste natuurlike kind van God. Daar is geen ander nie. Gelukkig is ons aangenome kinders van God. Deur Jesus neem God ons aan as sy kinders" (Sondag 13).

Storie: "Twee boeties sit in dieselfde skoolklas. Juffrou skryf die name en geboortedatums op. Jannie is 7 en hy verjaar op 1 Mei. Pieter is ook 7 en hy verjaar 1 Augustus. Albei is in dieselfde jaar gebore. Juffrou kyk vraend op. Twee boeties wat ewe oud is en net drie maande ná mekaar verjaar? "Ja, Juffrou!" sê Pieter effens onseker. "Dit is so. Een van ons is aangeneem. Maar, Juffrou, ongelukkig weet ek nie watter een nie." Dís die evangelie! God het net een natuurlike Kind en 'n hele boel aangenome kinders, maar Hy maak geen onderskeid nie. Hy behandel sy aangenome kinders, vir my en vir jou, nie anders as wat Hy sy eie Kind Jesus Christus behandel nie. Dis wat vers 17 in werklikheid wil sê: As kinders van God, al is ons aangenome kinders, is ons ook erfgename van God. Nou moet ek en jy onthou, dis nie tweedeklas erfgename wat hier op die laaste bladsy van die testament ook darem so 'n ietsie gaan erf nie. Jou naam en my naam staan langs Jesus se Naam. Wat Hy gaan erf, gaan ons ook van God erf. Dís genade!

As jy daaraan gaan begin twyfel, wil die Heilige Gees in jou kom getuig dat jy familie van God is (v 16).

Hierdie vers moet ons verstaan teen die agtergrond van die Romeinse aannemingstelsel. Destyds was sewe getuies teenwoordig tydens 'n aannemingsproses. Sou iemand die wetlikheid van die aanneming bevraagteken, is een van die getuies ingeroep om onder eed te sweer dat die aanneming wettig was. Net so maak die Heilige Gees.

Rom 8: 14 Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God.

## TEMA van die week

Die Gees lei ons

So: Rom. 8:12-17  
Ma- Di: Jesaja 6:1-8  
Wo- Do: Psalm 29  
Vr.-Sat: 1 Johannes

## BYBEL tyd

## BID tyd

Dankgebed (Gebed voor ete)  
Dankie, vir ons kos, lei ons in ons navolging. Amen  
Oorgee-gebed  
Here ons wil ons deur U Gees laat lei. Amen  
Seëngebed (Seën mekaar elke oggend so)  
Mag jy vandag die leiding van die Gees duidelik beleef.

## GESELS tyd

Ons gesels saam oor  
ons lewe en geloof

### Lees: Rom. 8:12-17

**Oopskop vraag:** Wat het jou geraak in die teksgedeelte en watter vrae het by jou opgekom?

### Raakvat vrae:

- Hoe weet jy dis die Gees wat jou lei?
- Wanneer laat ons ons nie deur die Gees lei nie?
- Hoe kan ons die stem van die Gees beter hoor?
- Is die leiding deur die Gees en die leiding deur Jesus dieselfde?

## SPEEL tyd

Ons spandeer kwaliteit-  
tyd saam

Speel die speletjie: "Spin die mes". Kry 'n mes wat lekker kan spin en besluit dan wat die een moet doen na wie die mes wys. Maak dit iets laf soos om 'n liedjie te sing, of agterstevoor op die stoel te sit of om die huis te hardloop ens. ens.

## DOEN tyd

Ons oefen ons geloof  
op 'n praktiese manier

Neem die eerste 3 dae om elkeen as gesin te luister by die Gees aan wie julle die week diensbaar moet wees.

## LEEF tyd

Ons leef ons geloof  
heel week uit

Maak 'n plakkaat waarop staan: "**Na wie se stem luister jy?**" Plak dit vir die week op 'n prominente plek op in die huis.

Ontwikkel deur  
in samewerking met nous

NOUS